

DRIE BEERTJIES...

EEN VIR MA EN EEN VIR KLEINDING
GEKOOKTE EIERS LEKKER WARM

deur HENRIETTE LOUW



11. Werk die arms en kraaloë aan. Knip 'n sirkel uit geel rondom 'n 10-sentstuk vir die neus uit.

12. Plaas 'n klein ronde stukkie watte so groot soos 'n ertjie op die sirkel en plooi in en trek dit styf.

13. Werk dit stewig met die hand in die middel van die gesig vas en borduur dan 'n kruis in 'n kontraskleur bo-op die neus.


KLERE VIR DIE BERE

14. Pa-beer se strik: knip 'n reghoek van 1 x 7 cm uit 'n dun stukkie katoen. Vou in die wydte dubbel, vou rafelkante in en glipsteek aanmekaar. Plooi die middel in en trek styf. a en b: om middel om te boor, gebruik 'n smal strokie materiaal, vou kante om en werk aan die beertjie vas.

15. Ma-beer se voorskoot: knip 'n stukkie materiaal met 'n ronding aan die een kant uit.

16. Stik 'n kantjie rondom die rand, plooi aan die bokant in en stik 'n lang strokie materiaal vir die bande aan.

17. Werk die voorskoot aan en knoop agter onder die arms vas. Bababeer se borslap: knip 'n borslapfatsoen uit vilt, 3,5 cm diep en 4 cm breed. Werk aan 'n stuk band vas en werk die band en borslap aan die beertjie vas en knoop agter bokant die arms vas.



Safyr Bleu Formule: Nafasolien-nitraat, 0,05%; Natriumchloried (suiker) 0,6%; Chloorbutol, 0,5%; Fenietielalkohol, 0,3%; Spesiaal gesuiwerde water tot 100%.

Wanneer blou oë rooi word, reik na Safyr Bleu.

Safyr Bleu help om die rooi in jou oë te verdryf. Die rooi wat so dikwels kom van swembadwater, laat nagte en stowwerigheid. Safyr Bleu is 'n kleurlose, snelwerkende oogdruppel wat die vonkel in jou oë terugsit. Weg met die rooi. Maak mooi met Safyr Bleu.



Safyr Bleu
vir lieflike oë.

GREY-PHILLIPS, BUNTON, MUNDEL & BLAKE 58636A

Vidol. Gereg. No.
Elke Poeler Bevat:
Bensokalen 1,5 mg. Parasetamol 50,0 mg.
Mepiraminmaleaat 5,0 mg.



Ek was knieserig, omgekramp en befoeterd. Ek het selfs my teddiebeer weggesmyt.

'n Baba kan nie praat nie. Dus, as u baba tandjies kry, kan hy nie vir u vertel hoe swaar hy kry nie. Al wat hy kan doen is huil - dis sy manier om vir u te vra om tog te help. En mens kan help, deur 'n bietjie Vidol op sy teer tandvleisies te vryf. Vidol verlig en verdoof die pyn binne sekondes. En help die outjie om sy tandjies te vergeet. Vidol-tandekrypoelers. As u baba met u kon praat, sou hy u daarvoor gevra het.

10



Vidol

tandekry en kalmere poelers

GREY-PHILLIPS, BUNTON, MUNDEL & BLAKE 60928A

Bekommerd oor plooi?



Een ding is seker, hoe meer u u daaroor bekommer, hoe meer sal u hê. Streel dus daardie vrese weg. Streel daardie rimpeltjies weg. Met Glyco-Lemon Plooiwerende Vloeiroom. Gemaak om u vel gladder, sagter en jonger te laat lyk. Want dis 'n eksklusiewe vermenging van suiwere olyfolie wat Vitamine A, D en F bevat, strelende versagtingsmiddels, indringmiddels en silikoonolies. Gebruik dit elke dag en hou op om u oor plooi te bekommer.

NOU beskikbaar in die groter 100-ml-flesie.

Glyco-Lemon

PLOOIWERENDE VLOEIROOM

GLYCO-LEMON

— ONS HOU U BEELDSKOON

HANDELSNAWRAE

A. J. North & Kie Bpk.

Postbus 716, Kaapstad 8000.

7144A

DIE

EEN VIR PA, HOU

BENODIGDHEDE

30 cm sandbruin rekbare handdoekgoed wat 90 cm wyd is; ongeveer 20 cm Terylenewatte wat 90 cm wyd is om die twee groot beertjies mee te watteer; klein stukkies geel rekbare handdoekgoed of vilt; krale vir oë; klein stukkies borduurgare of breidraad; katoenmateriaal, kant en vilt. LET WEL! Laat 7 mm toe vir nate.

AANWYSINGS

1. Knip vir elke beertjie 'n verskillende grootte reghoek met die draad, wat in die lengte loop, uit vir die lyf: Pa-beer 20 x 25 cm; Ma-beer 20 x 24 cm en bababeer 20 x 22 cm. Vou in die dwarsste dubbel. Net vir die 2 groot beertjies: skuif 'n enkellaag watte tussen die vou in om soos 'n toe-broodjie te lyk, knip netjies gelyk en voltooi soos die een van handdoekstof.
2. Vou weer dubbel.
3. Knip die bokant rond.
4. Knip vir elke oor twee vierkantjies van 4 x 4 cm (3,5 x 3,5 cm vir die baba-beertjie) — sandbruin vir die agterkant en geel vir die voorkant.
5. Met regte kante opmekaar, stik 'n geronde oorfatsoen en knip die hoeke af.
6. Keer om na die regte kant toe en plooi net die voorkant (geel) van die oor in.
7. Met die plooi aan die onderkant, werk die ore bo by die kurwe aan.
8. Vou die materiaal, ore aan die binnekant dubbel en stik reg rondom die ronding toe.
9. Keer om na die regte kant toe.
10. Knip 2 reghoeke vir die arms uit wat 10 x 7 cm groot is vir die groot beertjies en 9 x 6 cm vir die bababeertjie (die draad van die materiaal moet in die wydte loop). Vou in die wydte dubbel met regte kante opmekaar en stik 'n ronding aan die een kant vir die arm. Keer om na die regte kant toe en vou die rafelkante in.

HAAI MAMS!

Voor jy weer kos kook, kyk eers na die lekker resepte in die jongste uitgawe van



Hulle is maklik, ekonomies en smaaklik. Nou te koop by selfdien-winkels!

TEKEN IN OP

ROOI ROSE

Die Ideale Duursame GESKENK

Die Sirkulasiebestuurder, ROOI ROSE, Posbus 32083, Mobeni 4060.

INTEKENGELD:	S.A. en S.W.A.	Rhodesië	A.P.U.	Zambia en Oorsee
13 eksemplare	R5,20	\$5,12	R6,63	R9,23
26 eksemplare	R10,40	\$10,24	R13,26	R18,46

Rhodesiese Intekenare: Alle intekengeld moet voortaan in die vorm van 'n bankwissel (NIE Posorders nie) direk gestuur word aan Intekenare-Afdeling, RNA, Posbus 32083, Mobeni 4060, Natal. Inligting i.v.m. die prosedure wat gevolg moet word met die verkryging van die bankwissels kan deur middel van Kingstons en/of NMP se Verspreidingskantore in Rhodesië verkry word.

Ek wil graag op ROOI ROSE inteken en sluit R..... vir 13/26 uitgawes in (skrap wat nie van toepassing is nie).

NAAM

ADRES

Poskode

R.R. 26/4/78

Drukkrif aanbeëlf.

Dul asb. in die betrokke blokkie aan of die 'n nuwe intekening is ☐ of hernuwing ☐

Drie tot vier weke moet toegelaat word vir verwerking.

Indien hierdie subskripsie 'n geskenk is, geliewe u naam en adres hieronder aan te gee:

Naam

Adres

Poskode

INTEKENAARS LET WEL: Lesers wat direk by ons inteken deur hierdie koepoon te gebruik, sal nie die hoër tariewe betaal wat deur sekere oorsese en plaaslike agentskappe gehef word nie.